

ENKELE OPMERKINGS OOR DIE TSWANA IDEOFOON

Jakobus Lourens Small

VOORGELÊ TER VERVULLING
VAN DIE VEREISTES
VIR DIE GRAAD B.A.-HONNEURS
IN DIE DEPARTEMENT BANTOETALE
AAN DIE UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

JANUARIE 1973

INHOUD

	<u>BL</u>
INLEIDING	1
Oogmerk van die artikels (0.2)	1
Die term 'ideofoon' (0.3)	2
Definisie en klassifikasie van die ideofoon (0.4)	2
Indeling van ideofone (0.5)	3
Ortografie en voorbeelde (0.6)	3
Vertaling van voorbeelde (0.7)	4
Behandeling van onderwerp (0.8)	4
FONOLOGIES-PROSODIESE KENMERKE	4
Paranormale woordfonologiese sisteem (1.1.1)	4
FONOLOGIESE KENMERKE	5
Die konsonante (1.2.1)	5
Klapklanke (1.2.2)	5
Konsonante kan gefluister word (1.2.3)	6
Vokale (1.2.4)	6
Wegval van slotvokaal (1.2.5)	6
Nasale sillabis (1.2.6)	7
Distribusie van klanke (1.2.7)	7
Alleenstaande konsonante (1.2.8)	7
Assonansie (1.2.9)	8
TONOLOGIESE OPTREDE (1.3.0 - 1.3.6)	8
LENGTE (1.4.1 - 1.4.3)	10
KLEM (1.5.1 - 1.5.3)	11
MORFOLOGIE	12
Die ideofoon is grootliks radikaal (2.1.1)	12
Deïdeofoniese verba en nomina (2.1.2)	13
Nomina word ook van ideofone afgelei (2.1.3)	13
Die uitgang - <u>i</u> / <u>e</u> (2.2.1)	14
Die uitgang - <u>aa</u> (2.2.2)	14
Vorming deur afkapping (2.2.3)	15
Ideofoniese suffikse (2.2.4)	15
Reduplikasie (2.3.1 - 2.3.4)	16
Herhaling van ideofoon (2.4.1 - 2.4.3)	17
SINTAKTIES-SEMANTIESE OPTREDE (3.1.1)	18
Die werkwoord - <u>re</u> (3.1.2)	19
Die funksie van die werkwoord - <u>re</u> (3.1.3)	20
Gebruiksmoontlikhede van - <u>re</u> (3.1.4)	20

IDEOFOON SE SINSOPTREDE (3.2.1)	21
Waar <u>-re</u> nie voorkom nie (3.1.2 - 3.2.6).. .. .	22
Naamwoordelike gebruike (3.3.1 - 3.3.4).. .. .	24
Waar word die ideofoon geklassifiseer? (3.4.1)	25
DIE GEBRUIKSMOONTLIKHEDE VAN DIE IDEOFOON (3.5.1)	26
Beperk tot bepaalde situasies (3.5.2).. .. .	26
Kommentatiewe gebruik (3.5.3).. .. .	26
Onomatopee en ideofoon (3.5.4)	26
Konkreet word abstrak (3.5.5).. .. .	26
Improviasie (3.5.6)	27
Ideofoon en gebaar (3.5.7)	27
Illustrasies (3.5.8)	28
ENKELE KONKLUSIES (4.1 - 4.8)	29
LITTERATUURLYS	30

ENKELE OPMERKINGS OOR DIE TSWANA IDEOFOON

INLEIDING

0.1 Die voorkoms van die ideofoon is een van die belangrike onderskeidende karakteristieke van die Bantoe- en sommige Soedantale. Weliswaar verskil frekwensie en gebruik daarvan van taal tot taal. Ful het geen ideofone, die sentraal Bantoetale baie. Cole beweer dat die Sothotale minder as Ngunitale van ideofone gebruik maak (Cole 1955, p. 370). Hierdie stelling is egter nie te bewyse nie grootliks as gevolg van gebrek aan goeie en volledige leksikale werke in die tale. Die Suid-Sotho woordeboek het meer as 900 ideofone opgeneem. (Mabille Dieterlen Paroz 1961). Dit is nie almal nie en dan is daar nog die latente potensiaal van ideofone afgelei van verba. Dit terloops - feit bly dat die ideofoon uniek is aan die Bantoetale en aan hierdie uniekheid deel die Sothotale en by name Tswana.

Oogmerk van die artikel

0.2 In Tswana is nog min aandag gegee aan ideofone. Grammatici behandel dit in een of twee paragrawe of glad nie soos die ouer werk Secwana Grammar van A.J. Wookey, verwerk en vergroot deur J.T. Brown, London, 1938. Cole het sover die meeste aandag daaraan gegee (Cole 1955, p. 370 e.v.). Dit bly egter slegs 'n paar aanmerkings oor, gevolg deur 'n klassifikasie van die ideofoon. In enkele ander tale soos Suid-Sotho en Shona is breëre navorsing gedoen (sien Kunene 1965, Guma 1971, Fortune 1962, e.a.). Die doel van hierdie artikel is, om soos die opskrif lui, enkele opmerkings te maak oor die ideofoon om aan te dui watter groot veld nog ooplê vir navorsing op

dié gebied. Weens gebrek aan ruimte kan die opmerkings slegs kursories wees. Veral voorbeelde moes beperk word.

Die term 'ideofoon'

0.3 Die term ideofoon of klankbeeld het sy ontstaan te danke aan Doke. Vroeër is terme gebruik wat meestal verwys na die onomatopeïse herkoms van 'n groot deel van die ideofoon (Doke 1935, p. 118). Ander het dit die radikaal genoem as gevolg van die skynbare ontdaning van alle formantia in die morfologiese opbou van die ideofoon (morfologiese elemente kom egter tog voor, (sien paragrawe 2.2.1 e.v.).

Definisie en klassifikasie van die ideofoon

0.4 Doke definieer die ideofoon:

"an ideophone is a word, often onomatopoeic which describes a predicative, qualificative or adverb in respect to manner, colour, sound, smell, action, state or intensity" (Doke 1943, p. 56).

Doke klassifiseer en behandel verder die ideofoon saam met die bywoord onder die deskriptief en sê:

"It is a special part of speech resembling to a certain extent in function the adverb together with which it is classified as a descriptive" (Doke 1943, p. 56).

In sy definisie en klassifisering is hy deur Cole (Cole 1955, p. 370) en baie ander Bantoetaal-linguïste gevolg (sien ook o.a. Van Eeden 1941, p. 250). Fortune meen egter:

".... the form it is most profitable to compare

the ideophone with, is not the adverb but the verb. In ideophonic speech verbs are replaced more or less entirely by ideophones" (Fortune 1962, p. 6).

Hierin vind hy navolging van andere soos Guma (Guma 1971, p. 232).

Let daarop dat Guma net soos Doke die ideofoon net na die bywoord behandel. Guma voel egter dat dit 'n spesiale soort van predikaat is, te onderskei van die ander twee tipes, nl. werkwoordelike predikaat en die kopula. Kunene wat 'n sterk standpunt hieroor inneem sê:

"..... the ideophone is a dramatization of actions or states, and the conclusion is that two predicative types must be recognized for the Bantu languages, viz. the 'narrative' and the 'dramatic'" (Kunene 1965, p. 20).

Dit is dus duidelik dat die ideofoon se status as deskriptief soos die bywoord, nie onbevraagtekend staan nie. Die saak sal later onder die bespreking van sintaktiese kenmerke weer aangeraak word.

Indeling van ideofone

0.5 Een- tot selfs vyflettergrypige ideofone kom voor. Die meeste grammatici deel die ideofoon in op basis van hulle hoeveelheid lettergrepe. Sommige maak 'n verdere onderverdeling op grond van toonpatrone (sien bv. Guma 1971, p. 229 e.v.). Weens gebrek aan ruimte sal in hierdie artikel geen sodanige indeling gemaak word nie.

Ortografie en voorbeelde

0.6 Aan die amptelike ortografie word gehou. Lengte word egter

deur verdubbeling van letter aangedui. Buitengewoon lang lengte word deur 'n verdere reeks punte aangedui, bv.: Lang konsonante sal ook deur 'n dubbele konsonant aangedui word. Hierdie verdubbelde vokale en konsonante word nie deur die aanvaarde ortografie toegelaat nie maar dit sal hier gedoen word ter wille van duidelikeid. In sinne word slegs toon van die ideofoon aangedui:-

šwah^tlaa (Kort lettergrepe word nie oor die algemeen aangedui nie omdat dit die normale lengte is vir ideofone). Voorbeelde kom hoofsaaklik uit Oos-Tswana.

Vertaling van voorbeelde

0.7 Die vertaling van voorbeelde lewer baie probleme weens gebrek aan die ideofoon se eweknie in Afrikaans. Vrye vertalings word meestal gebruik behalwe in enkele gevalle waar 'n besondere punt belig wil word.

Behandeling van onderwerp

0.8 Vervolgens sal die fonologies prosodiese, morfologiese en sintaktiese-semantiese kenmerke van die ideofoon behandel word. Daarna word iets gesê van sy gebruik gevolg deur enkele konklusies.

FONOLOGIES-PROSODIESE KENMERKE

Paranormale woordfonologiese sisteem

1.1.1 Dmv. die ideofoon wil die spreker iets lewendig en helder stel.

Hy gebruik elke geleentheid wat sy taal se klanksisteem hom bied en wyk selfs gedeeltelik daarvan af net om sy doel te bereik. Daarom word newens die normale klanksisteem van die taal ook gebruik gemaak van 'n paranormale woordfonologiese sisteem (Van Wyk 1961, p. 84). Klank-fenomena kom voor wat nie elders voorkom nie of nie toegelaat word nie. Hierdie afwykende klankfenomena deel die ideofoon met die interjeksie. Ideofone het soms sulke uiterste vorme van lengte, toon en klem dat dit dikwels onmoontlik is om te besluit uit hoeveel sillabes dit bestaan, of wat die juiste toonvlak is, ens..

FONOLOGIESE KENMERKE

Die konsonante

1.2.1 Ongewone klanke kom voor bv.: [pʰh]. Dis 'n klank met beide iets van 'n [ph] en 'n [ɸ] daarin en word gevorm deur die vinger voor die mond te beweeg as 'n [p] geartikuleer word. Die effek is dat dit ook na 'n geaspireerde eksplousief klink.

[pʰh:u] (totaal opraak) - Leuba la ngvagola le fêditsê
dikgômô tsaêtshô pfhûu (Verlede jaar se droogte het ons
 beeste totaal klaar gemaak).

Hierdie ideofoon is skynbaar gebruiklik in al die Sotho-sprekende taalgroepe (sien Doke Mofokeng 1971, p. 341).

1.2.2 Mens loop klapklanke raak soos [//]. Dit word skynbaar meer vorentoe in die mond geartikuleer as by die Ngunitale.

xa [// a] (skerp val geluid) - Ke fêntse ka kama e wilê

letla xa - Ek het gewen want die kama geval met 'n dowwe geluid. (Kama is 'n seunspel waarin kleikeëls in die lug gegooi word. Verskillende valwyses bepaal die wenner. Die wennende valwyse is letla).

1.2.3 Konsonante kan gefluister word, bv.:

huu [h:u] (dui ontspanning aan, <-huba -(afblaas)).

Ke fa pelo ya me erile huù (Toe kon ek weer asem skep).

foo ... [f:o] (dui blaas aan, <-foka (waai)).

Phefô e rile bosigo bôtlhe foo... (Die wind het heelnag gewaai).

In beide gevalle is daar die artikulering soos vir [h] en [f] maar slegs asem sonder stem met 'n effense ruising word deurgelaat.

Vokale

1.2.4 Slotvokale word dikwels gefluister:

tsôrrô [tsôrrɔ] (geluid van uitlopende water). (ww. >

-tsôrô en snw. matsôrrôtsôrrô).

1.2.5 Dikwels word die fluistering so erg dat die slotvokaal by likwedae en nasale wegval. Dan oortree die ideofoon die gewone kenmerkende fonologiese reëls, nl. dat woorde eindig op vokale of 'n sillabiese [ɪ]. Veral in die geval van r kry ons hierdie verskynsel. Die r word dan meestal lank uitgespreek. As die vokaal nog na die r optree kry ons twee r-e waarvan een sillabies of lank is.

furr(ù) [furrù] phurr [phurr] (dui warrelende geluid aan)

turr [turr] (dreuning soos van die aarde).

dum [dum] (dreuning)

Fa a betsa mosêka wa tshikinya wa re dum. (As hy die snaar pluk, beweeg dit met 'n gevolglike dreuning).
(ww. < duma).

1.2.6 Dit kan nie altyd vasgestel word of die nasale direk voor ander konsonante sillabies is of nie.

tumpedi [tumpedi] ook tòmpedi [tòmpedi]. (laaste druppel wat val).

Metsi a ne a re tôu tôu tôu tôu tòmpedi, ook tông tông tông tông.... (Die water het gedrup-drup tot die laaste druppel geval het).

1.2.7 Skynbaar word die normale distribusie van klanke ook verander. Mens kan net let op die groot voorkoms van die hoë agtervokaal [u] wat in ander rededele nie so heel erg voorkom nie. 'n Distribusie-bepaling en vergelyking kan miskien interessante gegewens lewer.

1.2.8 Konsonante en veral die vibrante [r] en nasale kom sonder saamgaande vokale voor in teenstelling met die eis van Tswana fonologiese sillabe-bou.

[ts'ts'ts'ts'ts'] (die klank van 'n sprinkaan).

mmm mmm mmm of ngngng - ngngng - ngngng [::m] of [::ŋ]

(ononderskeibare dowwe gepraat). Ke ba utlwilê

kgakala ba ntsê ba re mmm mmm mmm. (Ek het hulle dofweg

'in die verte' hoor praat).

(ww → -ngunungêtsa).

rrrr [::r] (dui vlieg aan). Khukhwane e ne e tsamailê
fêla rrr.... tsê! (Die kewer het aanhoudend gevlieg en
toe skielik gaan sit).

1.2.9 Assonansie is 'n veel voorkomende verskynsel.

khuru [khuru] > -khurumela (bedek),

kutuku [kutuku] (geluid van 'n slag). > -kutuka

pirigi [pirigi] (harde valgeluid). (ww. > -piriganya)

pôtôkô [pôtôkô] of pataka [pataka] (van galoppery) (ww. >

-patakanya).

pharagatlha [pharagatlha] (ww. > -paragatlhanya)

(van agteroorval ens.).

TONOLOGIESE OPTREDE

1.3.0 Ook in toon-optrede onderskei die ideefoon hom van ander rededele met uitsondering van die interjeksie:

1.3.1 Baie ideofone het 'n toonhoogte wat baie hoër is as die hoogste toonhoogte wat die individuele spreker bereik tydens normale spraak. Letele sê dit kan selfs 'n majeur-sewende bokant die normale hoogste toonhoogte uitstyg (Letele 1955, p. 120). Lae toonhoogtes is ook veel laer as die in normale spraak.

1.3.2 Dis ook opvallend dat lae tone veelvuldiger voorkom as hoë tone.

1.3.3 Gelyke tone op alle lettergrepe in alle omstandighede ken-

merk die ideofoon se optrede. In ander rededele is die toon van die voorlaaste lettergreep in geïsoleerde woorde, of woorde aan die sinseinde, hoogvallend of laagvallend. (l.g. is posisionele variante van die hoë of lae toneem onderskeidelik. Vgl.:

gò b[˘]ô[˘]na (L.H-V.L.) gò d[˘]ira (L.L-V.L).

By die ideofoon is geen vallende neiging en stem ooreen met toonoptrede by die vraag:

gò b[˘]ô[˘]na? (L.H.L), gò d[˘]ira? (L.L.L.).

Voorbeelde:

ngô (aanduiding in leegheid); thung (aanduiding van swewe).

fii (aanduiding van donkerte) (onderskei van fii geluid van insekte ens.).

1.3.4 Hoog- en laagvallende tone kom egter soms voor by ideofone met lang slotsillabes.

twaa (H-V) (wit), šaa (L-V) (verstrooid raak).

1.3.5 In reduplikasies of herhalings van ideofone kan die toonhoogte van tone òf sak na die einde toe òf deurgaans konstant bly, bv.:

— — — — —
 — — — — —
-tididididididi (dreuning van wolke). (ww. > -tidinya)

-kitikitikitikiti (géluid van hardloop of vallende voorwerpe).

pataka pataka pataka (galoppery).

dum dudum dudum dum (klank van 'n drom).

1.3.6 'n Vergelyking tussen afgeleide ideofone en die woorde waarvan hulle afgelei is, toon ongewone toonveranderings aan.

(wwe: -bôna > -bôni (sien)
-dira > -diri (werk)).

Let daarop dat ideofone afgelei van hoog- en laagtoon werkwoorde hier dieselfde toonpatroon aanneem.

(adjektiewe: -swèu > -sweu (wit),
-sêtlha > -sêtlhé of sêtlhêê (vaal)).

Ten laaste kan ons daarop wys dat toon ook by ideofone 'n distinktiwe funksie uitoefen:

tlêrrê (skeergeluid) teenoor: -tlêrrê (rooi) teenoor:
tlêrrê (skelgeluid) (ww. > -tlêréganya (uitskel).
phuu (hoogvallend) (slegte reuk) teenoor:
phuu (laagvallend) (valgeluid) (ww. > -phùtlhàma).

LĒNGTE

1.4.1 Teenoor lengte op voorlaaste lettergreep van woorde is

hier kort lettergrepe soos in die vraagsin die algemene:

kgé (kap van vleis).

thusú (van skielike verskyning)

kwidite (van 'n slukklank).

Soms is die lettergrepe so kort dat die vokaal byna nie gehoor word nie.

1.4.2 Hierteenoor is lengte op slotlettergrepe ook algemeen.

Kom dit voor dui dit gewoonlik naruising, of verlenging van klank of aksie aan. Die lengte kan soms net so lank uitgerek word as wat daar asem beskikbaar is.

šaa.... (geluid van uitstrooi).

šwatlhaa (ww. > -šwatlhamétséga (deurbreekgeluid met wegvloeiende of klankweerkaatsende effek).

1.4.3 In enkele gevalle loop mens by afgeleide wwe. tog voorlaaste lettergreep-lengte raak. Die kort uitspraak is egter die algemene:

-bóna > -bóni of bóni (van skielik sien).

KLEM

1.5.1 Naas beklemtoning deur woordorde-omwisseling kom beklemtoning deur klem in prosodiese sin ook voor. Sommige het al beweer dat dit nie so 'n belangrike rol speel nie maar myns insiens het Kunene die vraagstuk goed bespreek en doeltreffend die rol van klem aangedui. (Kunene 1961, P. 142). Klem wat gewoonlik op die eer-
e.v.

ste lettergreep van 'n wortel voorkom word vrylik gebruik by die ideofoon. Anders as in Afrikaans waar dit gepaard gaan met luidheidsvermeerdering is die klem in Tswana gelyk aan intensifering van die uitspraak van die konsonant in die beklemtoonde sillabe. Ejek-sie is helder en volledig. Aspirasie klink sterker, deur effense pousering op die konsonant tydens die inlaat en uitlaat kry die aspirasie selfs die effek van geskei te wees van die konsonant. Frikatiewe is langer. Daarom dat Sandilands 'n ideofoon aandui as ggaí (klank van assegaai) of dat hy sê [tɬʔ] in tlá tlá tlá (Die geluid van 'n klap met die hand) klink soos 'n suigklank (Sandilands 1952, p. 296).

1.5.2 Een van die belangrikste karakteristieke van die ideofoon is dat hy eerder sagter en nie harder as ander rededele uitgespreek word. So beklemtoon is hy dikwels, gepaardgaande met bygaande lengte-, toon- en emosionele beladenheid, dat hy subtiel die subjektiewe gevoel van luidheid bereik. Luister 'n mens objektief daarna verbaas dit jou dat dit nie so luid is nie.

1.5.3 'n Verdere effek van klem is dat dit vir die ongeoefende oor die effek van toon verhoog. 'n Lae toon klink soms hoog totdat jy agterkom dat dit net klem is wat dit veroorsaak.

MORFOLOGIE

Die Ideofoon is grootliks radikaal

2.1.1 Ideofone is in 'n groot mate radikaal d.w.s. hulle het nie hulle ontstaan aan afleiding te danke nie. Daarom dat dit soms die

'radikaal' genoem is. Suffigale elemente kom tog af en toe voor soos ons verder in hierdie bespreking sal sien. 'n Massa van werkwoorde en ook 'n groep van selfstandige naamwoorde word van ideofone afgelei.

Deïdeofoniese verba en nomina

2.1.2 Deïdeofoniese verba word gevorm d.m.v. 'n hele reeks enkel of gekombineerde suffikse. Die belangrikste is:

-la, -ga, -tša, -mela, -sela, ens. (bv. in: >
-phàmòlà, -ràgògà, -ngàlètsà, -khúrúmèlà, -tètèsèlà).

Omdat die bespreking daarvan by die werkwoordstam tuishoort, sal hier nie verder op ingegaan word nie. Genoeg net om daarop te wys dat elke ideofon sy afgeleide werkwoord het, soms selfs 'n hele paar en dat hierdie deïdeofoniese verba 'n groot deel van die Tswana leksikon verteenwoordig

Nomina word ook van ideofone afgelei:

lèfìfì (donkerte) < fìi (aanduidend van donkerte).
phòròrò (waterval) < phòrrò (van vallende of stromende water).
lèphòthòphòthò (waterval) < phòthòphòthò (aandudend van vallende of klotsende water).

Baie voëlname val hieronder (sien Cole 1955, p. 117). Interessant egter om daarop te let dat ideofone soms op sulke deïdeofoniese nomina van hulle eienaardige klankfenomene oordra.

lèphurrwane (kwartel) < phurru (aanduidend van 'n

warrelklank).

Hier is oorgedra die dikwels voorkomende verlenging van r wat dan in sillabiese r oorgaan.

In die volgende geval is weer lengte op 'n eindsillabe oorgedra:

Sethuthuthuu (motorfiets) < thuthu - thuthuu (nabootsing van 'n motor se dreuning).

Gevalle van kort lettergrepe kom ook voor (dink aan die naam:

Moswêswê uitgespreek Moswêswê..

Die uitgang - i/e

2.2.1 Ideofone kan afgelei word van werkwoorde deur die uitgang:

-a met -i of -e (hoë vernoude vokaal, sien Cole 1955, p. 371) te vervang.

In die geval van afleidings van eenlettergripige verba word die:

-i meestal verleng.

tséna > -tséni (van skielike of onverwagse ingaan).

tswa > -tswii (van onverwagse of opsigtelike uitkom).

Die uitgang -aa

2.2.2 In sommige gevalle word die uitgang -a slegs verleng:

phatšha (spat) > -phatšhàa (aanduidend van spat).

Vgl. ook phašamétsêgà (spat).

tšhwétla (verbrysel) > -tšhwatlaa (aanduidend van verbryseling).

(let daarop dat hier die eerste lettergreep -e in 'n -a verander het). In hierdie geval is die verwantskap tussen aanverwante verba nie altyd duidelik nie, dit mag wees dat die afleiding in die teenoorgestelde rigting geskied het. (Cole 1955, p. 371).

Vorming deur afkapping

2.2.3 Hierdie onduidelikheid t.o.v. verwantskap is dikwels die geval tussen verba en ideofone. Van sommige verba kan bv. naas die vervanging van -a deur -i ook ideofone gevorm word deur weglating van suffikse of laaste lettergreep. So bv.:

thibi of thii < 'thiba (toestop).

In baie gevalle kan verdere afkappings voorkom bv:

thôbêtsa (druk) > -thôbê of thô (druk met die finger)
matêgêla (vasplak) > -matê of ma (aanduidend van vasplak).

Afleidings van adjektiewe kom ook voor. Let op die toonpatroonverandering:

talaa < -tala (groen)
tshêtlhee < -tshêtlha (vaal grys)
sweu / -swewu / -sweuu < -sweu (wit)
hubee < -hibidu (rooi)
tshoo < -ntsho (swart).

Ideofoniese suffikse

2.2.4 Hoewel dit soms beweer word dat geen formatiewe elemente gebruik word om deel uit te maak van ideofone (Van Eeden 1941,

p. 250) het Doke en Guma afdoende voorbeelde gegee dat daar wel sulke formantia voorkom. (Doke 1971, p. 339), (Guma 1971, p. 228).

Hulle noem vir Suid-Sotho -k met geassoneerde vokaal wat intensiteit uitdruk. As gevolg van gebrek aan voldoende versamelings van Tswana-ideofone kan nog nie met sekerheid gesê word of dit hier ook voorkom nie. Alle tekens dui egter daarop. Dikwels ontbreek slegs korrelerende kort vorms. Vgl. bv.:

tsirri (klinkklank van bv. munte) en tsiriki (harde klinkklank). Dit is 'n veld om verder na te vors.

2.2.5 Ook moet onthou word dat ideofone afgelei deur die uitgang -i soos in 2.2.1. afleidings kan maak van verba wat reeds saam met hulle ekstensies -bôfolola < -bôfololi (losmaak). Hierdie wyses van afleiding is egter nie baie gebruiklik nie.

Reduplikasie

2.3.1 Reduplikasiespeel ook 'n groot rol in die vorming van ideofone. Die hele ideofoon kan geredupliseer word. In ander gevalle word die voorste of laaste lettergreep geredupliseer. Die verskillende soorte van reduplikasie het skynbaar semantiese implikasies, onvoldoende versameling van ideofone maak dit moeilik om dit presies vas te stel. So dui volkome reduplikasie op herhaalde aksie:

lélèlèlé (kronkeling van slange) ww. > -lélèsèla
tétètètê (aanduiding van bewerasie) ww. > -tètèsèla
phaphapha (aanduiding van fladdering) ww. > -phaphasèla

2.3.2 Reduplikasie van slotsillabe (dui miskien skielike aksie aan).

tlêbêbê (kaplaks te sit) ww. > -tlêbêba

gwarara (baie te sit) ww. > -gwarara

2.3.3 Reduplikasie van aanvangs-sillabe (dui skynbaar onreëlmatige aksie of geluid aan):

tšhwêtšwêrrê (aanduiding van iets te vergruis of iets soos 'n lemoen uit te druk) ww. > -tšhwêtšwêrêra

khukhurru (aanduiding van ritseling) ww. > -khukhurura.

2.3.4 Dubbele reduplikasie (funksie onbekend weens onvoldoende voorbeelde).

titinini (vies wees)

fêfêfêfê (verskrik te stop)

khikhinene (aanduiding van verbasing).

Herhaling van ideofoon

2.4.1. Naas reduplikasie kom herhaling van die ideofone voor. Dis natuurlik nie altyd so duidelik of mens met herhaling of reduplikasie te doen het nie. Mees voorkomende herhaling is twee-, of driemaal, of in veelvoude daarvan. Soms word die ideofoon herhaal solank daar nog stem is. Pousering tussen, en rangskikking van herhaling verlewendig die prent wat die ideofoon oproep. So bv. kan gesê word:

O kgekgethile nama kgêkgêkgê teenoor: O kgêkgêthilê nama
ka ikêtlo kgê -, kgê -, kgê (Eersgenoemde dui vinnige
 kap aan, lg. afgemete stadige kap).

Let ook op die volgende voorbeelde:

Bosigo go nè go utlwala moropa dum dudum dudum dum dum!

In die aand het die drom doem doedoem doedoem doem doem ge-
 klink!

2.4.2 'n Herhaling wat baie populêr is, is die van ideofone
 geredupliseer soos in 2.3.1.

phapharatlha pharatlha pharatlha > -pharatlhanya
 (iets hals-oor-kop doen).

thathankga thankga thankga > -thankganya (te skop-skop)

papataka pataka pataka > -patakanya (van galoppery)

Enkellettergrepige Ideofoon

2.4.3 Die ideofoon wyk ook af van ander rededele deur 'n groot aantal
 eenlettergrepige woorde sonder verdere uitbreiding deur voor- en ag-
 tervoegsels. Baie voorbeelde is reeds gegee. (tú, thó, ens.).

SINTAKTIES-SEMANTIESE OPTREDE

3.1.1 Die sintaktiese en semantiese optrede van die ideofoon sal
 saam behandel word. Trouens reeds in die fonologiese en veral in
 die morfologiese gedeelte is die semantiese sy keer op keer aangeraak.
 Dit blyk dus moeilik om die skeiding te maak sonder om vir 'n groot
 deel die feite onnodig te herhaal.

Die werkwoord -re

Wanneer die ideefoon voorkom word dit dikwels deur die werkwoordstam -re voorafgegaan. Dis moeilik om dié werkwoord se betekenis te omskrywe. Dit word in 'n verskeidenheid kontekse met verskillende betekenisse gebruik. 'n Paar voorbeelde sal dit illustreer.

- a. E a re ke bua nae, a didimalê (Wanneer ek ookal met hom praat bly hy stil).
- b. E rile a mpôna a iphtlha (Toe hy my gesien het het hy weggekruip).
- c. E tla re pula e na ke leme (As die reën val sal ek ploeg).
- d. A reng? (Wat sê hy?).
- e. Le mna ka rialo (Ook ek sê so).
- f. O a reng? (Wat doen hy?).
- g. Le mna ka rialo (Ook ek sê so).
- h. A re: "Ke a lwala" Hy sê: "Ek is siek").
- i. A re o a lwala (Hy sê dat hy siek is).

In a. - c. word dit hulpwerkwoordelik gebruik om tydstippe aan te dui.

In d. en e. kom dit voor in die betekenis sê.

In f. en g. is die betekenis maak doen.

In h. en i. word dit onderskeidelik gebruik om direkte en indirekte rede aan te dui en is sy betekenis sê.

Opsommend kan ons sê dat daar vir hierdie werkwoord drie betekennisse is, nl sê en doen/maak en gebeur (soos in a. en c.). Laasgenoemde twee betekenisse staan nou bymekaar. Dis moeilik om te sê watter een van hierdie betekenisse dié een is wat optree by die ideefoon,

maar heelwaarskynlik is dit dié een van maak/doen. (Sien Doke 1965, p. 255).

Die funksie van die werkwoord -re

Die ideofoon wat morfologies onveranderlik is, is onverbuigbaar deur die gewone grammatiese prosesse van die taal. Hoofsaaklik daarom word -re gebruik. Die twee saam vorm 'n eenheid ten spyte daarvan dat woordbepalinge tussenin kan kom. Die ideofoon dra die betekenis terwyl die -re die verbuiging ondergaan. Verandering deur formatiewe by -re, modifeer eintlik die betekenis-inhoud van die ideofoon. Ons kan dit anders stel deur te sê dat -re nie enige onafhanklike betekenis dra nie, maar sy enigste funksie is om die ideofoon te ondersteun en 'n relasie t.o.v. die res van die sin te markeer. Daarom kan die -re dikwels sonder betekenisverandering weggelaat word (sien Kunene 1965, p. 33). En al kom die -re voor is dit baie dikwels nie nodig om dit te vertaal nie; vgl.:

O a mo re mú tlohông ka molamô (Hy slaan hom met die knopkierie op die kop).

Gebruiksmoontlikhede van -re

3.1.4 As -re met die ideofoon voorkom kan dit vervoeg word in al die tye en modi van die werkwoord, positief en negatief, met subjek-, objek-, refleksiewe en onpersoonlike skakels, in die relatiewe konstruksie. Dit kan egter behalwe die passiewe en perfektumsuffikse geen ander verbale ekstensies aanneem nie. Negatiewe vorme is ook nie volop nie. Dit kom egter voor.

Voorbeelde van die gebruik van -re saam met die ideofoon is die volgende: Baie meer kan gegee word:

Teenswoordige tyd, indikatief: ke re tú (Ek swyg)

negatief: ga ke re tú (Ek swyg nie).

Perfektum, indikatief: Ke rile túdúú (Ek het gepeins)

A rile thuléé (Hy slaap)

Toekomende tyd, indikatief: O tla re nyédá (Hy sal verdwyn).

Teenwoordige tyd, situatief: Fa a re ràgò (As hy opspring)

Perfektum situatief: Ka a rilê phàkà (Aangesien hy geskop het)

Voortdurende verlede tyd: O ne a re tihakéé (Hy het verbaas gestaan).

Potensialis: A ka re supú (Hy kan sielik wegspring)

Subjunktief: A nkê le re tú (Bly asb. stil)

Konsekutief: Ya ba ya re swíí (Eindelik het dit doodgegaan).

Met objekskakel: O a e re phò (Hy gooi dit (die bees) met 'n klip).

Relatief konstruksie: Lefifi le lentshontsho le reng tshòò
(pikswart donkerte).

Met onpersoonlike skakel: go rile tú (Dit was stil)

Passief: go t(h)we tú (Dis stil).

IDEOFOON SE SINSOPTREDE

3.2.1 'n Ideofoon kan alleen staan; kan 'n subjek of 'n objek hê; dit kan deskriptief bepaal word deur 'n bywoord of bywoordelike bepaling. In al hierdie gevalle kan dit met of sonder -re optree. As -re nie voorkom nie word die subjek veronderstel as dit nie deur 'n selfstandige naamwoord verteenwoordig word nie. Hierdie veron-

derstelling berus op die feit dat dit reeds genoem is of omdat die subjek deur een of ander rede aan die hoorder reeds bekend is. (Sien Kunene 1965, p. 24 e.v. vir 'n breedvoerige bespreking van al hierdie gebruike). Voorbeelde:

Thùsù re sa nagane sepê (Onverwags verskyn (hy) terwyl ons niks vermoed nie)

A re thùsù re sa nagane sepê (Onverwags verskyn hy terwyl ons niks vermoed nie)

Subjek en Objek:

Monna dijô kwiditê (Die man het die kos (vinnig) afgesluk)

Monna o rilê dijô kwiditê " " "

Monna o di rilê dijô kwiditê " " "

Bywoordelik bepaal:

Ke re ke tú ka pele: (Ek het gou stil gebly)

Ke re ke re túdúú sebaka: (Ek het 'n lang tyd gepeins)

Ke utlwilê e re swathàa mô ntlong: (Ek het 'n geruis in die huis gehoor).

Van Wyk beweer dat die ideefoon nie bywoordelik bepaal kan word nie. (Van Wyk 1961, p. 76). Bogaande voorbeelde bewys die teendeel sowel as nog baie ander voorbeelde gegee deur Kunene. (Kunene 1965, p. 25 e.v.).

Waar -re nie voorkom nie

3.2.2 Kunene noem 'n paar gevalle waar -re nooit voorkom nie.

(Kunene 1965, p.25 e.v.. Sover ek dit in Tswana nagegaan het, lyk dit asof dit hier ook die geval is. Die eerste gevalle is as 'n direkte en 'n indirekte objek optree. Die twee groep gevalle is as

daar 'n objek, ideofoon, bywoordelike bepaling óf; bywoordelike bepaling, ideofoon, objek in die twee onderskeie volgordes te staan kom. (Kunene 1965, p. 27 en 28).

Fii ngwana dijô. (... het die kind kos gegee).

Ngwana fii dijô. (... het die kind kos gegee).

Dijô kômékômé ka pele. (... het vinnig die kos verorber).

Ka pele kômékômé dijô. (" " ").

3.2.3. Daar is 'n hele paar gevalle waar die ideofoon meestal sonder -re gebruik word:

Ba swilê swí. (Hulle is morsdood).

Go ômilê kgêrê (Dit is droog).

3.2.4 Dit word ook met deskriptiewe kopulas van die adjektief gebruik.

Le leswêu twaa. (Dis spierwit).

Di dintsho tshoo. (Hulle is pikswart).

3.2.5 Ook met kopula by selfstandige naamwoorde en kwantitatief loop ons dit raak:

Ke nnete phaa (Dis die reine waarheid).

Ke nnosi thô (Ek is stoksiel alleen).

Reekse van ideofone

3.2.6. Reekse van ideofone kom baie voor. Meestal is dit die geval as iets in die verlede verhaal word. -Re kan elke maal gebruik word. Algemeen word dit orals weggelaat of net by die eerste ideofoon gebruik:

thòbú, bìló, nwé, bìló, nwé (Hy het ingeduik, opgekom,

onder weer, op weer, en weer onder!).

A utlwa swàííswàíí, tsé, rùthù! (Hy het 'n sleepgeluid gehoor, skielik kom dit tot stilstand, en toe 'n harde valgeluid).

Trouens die meeste ideofone kom in die verhalings van die verlede voor om die realistiese te skilder.

Naamwoordelike gebruike

3.3.1 Soos 'n naamwoord word dit ook gebruik. Hier tree dit saam met die werkwoord -utlwa op:

Ba bê ba utlwa šwàtlhà šwàtlhà šwàtlhà! (Hulle het 'n rit-selende geluid gehoor!).

3.3.2 Meer dikwels kry hierdie -utlwa 'n gespesialiseerde betekenis wat aandui dat die subjek die subjek op een of ander wyse met 'n geweldadige optrede laat ly. Dit is die optrede van die ideofoon meer predikatief:

A mo utlwa tlépè ka letlapa (Hy het hom met 'n klip gegooi).

3.3.3 Soortgelyk tree die werkwoordstam -bôna (sien) op met 'n soortgelyke veranderde betekenis.

A e bôna dikgopong phô ka thobane (Hy het hom in die ribbes geslaan met 'n kiere).

3.3.4 Met kopula en besitskakel kom die ideofoon ook voor. Die besitskakel is dié van klas 9 van die nomina. Die skakel kan ook wees die van klas 1.

Ke šwàtlha šwàtlha ya eng mō?

Ke tú wa eng tlhê!?

Waar word die ideofoon geklassifiseer?

3.4.1 Na hierdie besprekinge is dit duidelik dat die ideofoon meestal in die sintagmatiese opbou van die sin die posisie inneem wat deur die kategorie van die bywoord beklee word. Selfs tree dit in funksie bywoordelik op: kgamélô e tletsê tse/pé (die emmer is propvol). Oorewegend is sy funksie egter predikatief, sodat Kunene dit naas die werkwoord en kopulatief in een groep wil plaas (Kunene 1965, p. 20). Andersyds deel dit met die interjeksie 'n paronormale fonologiese struktuur sowel as 'n afsydigheid in grammatiese relasie soos bv. die gebrek aan affiksse en skakelsisteem. Les bes tree dit selfs as nomén op. Die ideofoon staan dus beslis neutraal teenoor ons rededeelindeling en 'n hersiening van sy posisie is noodsaaklik.

DIE GEBRUIKSMOONTLIKHEDE VAN DIE IDEOFOON

3.5.1 Die ideofoon wil aan die luisteraar 'n gebeure of staat in die verlede, hede of toekoms op lewendige wyse voorstel of dramatiseer. Deels kom dit ooreen met die Europese onomatopée (boems!, kaplaks!, woerts!) maar dit is nog meer, dit sluit in die waarneming van alle visuele, gehoors- en sintuiglike aktiwiteite en gee 'n lewendige voorstelling van baie sake: kleur, reuk, wyse van aksie, voorkoms en houding ens. (Doke 1943, p. 56). Dit is emosioneel gekleurd en doen 'n groter emosionele oproep op die hoorders as in die geval van ander taalvoorstellings. Daarom is dit uitnemend geskik in die hand van die taalkunstenaar, die vindingryke skrywer wat in 'n oogwenk met geskikte klankbeeld 'n toneel optower, waar ander woorde hom in die steek sou gelaat het. Ons loop dit raak in pryslied, spreekwoord en raaisel: Mpôlêlê dilô? mpôlêlê dilô, ti, ti, pote! (Raai-raai! voetstap, voetstap, woerts agter inspring?)
Antwoord: moloi! (towenaar!)

Beperk tot bepaalde situasies

3.5.2 Omdat dit so sterk emosioneel gekleurd is, is dit veral beperk tot die kader van gesprek en realistiese vertelling of verhaling. In meer bedaarde situasies soos toespraak en preek word dit nie maklik aangetref nie - word selfs as ondienlik of onvanpas beskou. Dit gee probleme vir die skrywer want hoe gee mens gesigsuitdrukking, gebaar-gevoelswaarde en 'n nie-normale klankoptrede in skrif weer? Tog bied dit moontlikhede vir talentvolle skrywers. Jammer egter van dié probleem want so ontglip die bestaan van honderde ideofone die werksaamheid van die leksikograaf.

Kommentatiewe gebruik

3.5.3 Naas sy nut in vertelling is daar die wydverspreide kommentatiewe gebruik. Toeskouers by 'n dansery, 'n voetbalwedstryd, 'n bakleiery gee uit pure lekkerkry 'n lopende kommentaar in klankbeelde vir hulle medetoeskouers. So staan 'n ou man en kyk na twee stoeiers en hy roep soos 'n radio-komentator die ganse verloop van die stoeiery uit in 'n string van ideofone: Bòná gè! ta, ribe, phamo, pirigaa! (Kyk tog net, armslag; kopwegknik, gryp hom, kaplaks op die grond!).

Onomatopee en ideofoon

3.5.4 Omdat dit die egte lewensituasie wil herkonstrueer word egte klanknabootsing volop gevind. Die mens en dier word nagemaak. Die geluid van die natuur word daarin weerspieël: Mens hoor die ngaóngáo van die miauende kat, die kùrù kùrù van die kwakende padda. Die bò bòbòbò van 'n groot perdeby of die bibibibi van sy kleinboet. Of somer die klank van die skielik stortende reën = gwáá! 'n Klankvoorstelling verskillend van die Europeër! Die Tswana probeer in sy klankbeeld sy eie interpretasie te

gee van 'n buite linguistiese klank en dit doen hy met die moontlikhede, maar ook onder die beperkinge van sy eie taal se fonetiese potensiaal. Daarom moet onomatopoeie en ideofoon verskil van taal tot taal.

Konkreet word abstrak

3.5.5 Nie net gee die Tswana sy eie interpretasie aan die klank van die buitelinguistiese geluid nie; hy gaan dan verder en vergeestelik 'n konkrete werklikheid. Die pipiriga van 'n mens wat val, word die geluid van die afgooi van jou mathata (jou probleem) en selfs nog verder: die klank van oorwinning daarvoor. Ek slaan die horing op sy kop thô (dit is ons spyer op die kop slaan) maar thô word nou ook die ideofoon van die waarheid honderd persent te vertel. Ke bua nnete thô (Ek praat die waarheid thô)

Improvisasie


3.5.6 Baie ideofone is gemeengoed van baie Bantoetale, andere is beperk tot Sothotale of slegs streke daarvan. Naas die gebruik van bekende ideofone kan die meeste Tswanasprekers nuwes vir besondere geleenthede skep. As adep van die morfologie- en onomatopiëringsmoontlikhede improviseer hy by gebrek aan 'n geskikte ideofoon, 'n nuwe. Sy medetaalgenote sal dit miskien later ontken as nie-Tswana, maar op die oomblik van gebruik sal die meeste sy nuutgeskepte ideofoon nie net verstaan nie, maar ook aanvaar as die regte vir hierdie situasie. Dit gee 'n mens 'n wenk van hoe baie ander ideofone miskien kon ontstaan het. Dit verklaar miskien ook die groot verskille in ideofoongebruik.

Ideofoon en gebaar

3.5.7 Mimiek het 'n belangrike aandeel in die voordra van die ideofoon. Omdat die spreker deur die ideofoon 'n lewendige prent wil dramatiseer gebruik hy nie net die woord nie, maar kombineer hy dit met nabootsing en gesigsuitdrukking, maar veral met gebare. Hierdie gebaar is met die

verloop van tyd gekonvensioneer sodat baie ideofone vandag hulle eie gebaar het. 'n Gebaar wat uiteindelik ook kan dien as vervanging van sy ideofoon. Mens kry dikwels dat gesê word: O mo rile ... tľhông (Hy het hom op die kop). By die pousering word 'n gebaar van 'n slag gemaak wat bv. phô (slaan) vervang. Soms word gebaar ook die enigste onderskeiding tussen homonieme ideofone, soos in die geval van tú (stilwees) en tú (totaal beëindig).


Die gebaar van gwaa



pula ya re gwaa!
die reën stort skielik

ILLUSTRASIES

Die verskil van gebaar
van homonieme ideofone



tú!
totaal beëindig

tú!
stil wees

ENKELE KONKLUSIES

- 4.1 In verhouding met sy frekwensie van gebruik en belangrikheid het die ideofoon sover nog net afskeep-aandag gekry.
- 4.2 Baie lê nog oop vir navorsing op fonologies, morfologies en sintaktiese ens. studie. Veral die fonologiese bestudering kan veel lewer want klank, toon, lengte, klem, maar ook andere stemkwaliteite, soos tempo, luidheid, fluistering ens. speel 'n belangrike wisselwerking en rol by ideofoon~~gebruik~~.
- 4.3. Sintakties is die ideofoon se rededeelsposisie nog nie vas nie. Sy neutrale houding teenoor funksie en struktuur wat ander rededele deel maak, maak hom moeilik plaasbaar.
- 4.4 Sy verhouding tot -re, d.w.s. met en daarsonder kan nog verder nagevors word.
- 4.5 Versameling van ideofone kan baie tot verbreiding van morfologiese studie beteken.
- 4.6 Buite-taaltekens soos gebaar is ook belangrik.
- 4.7 Ongetwyfeld sal die leksikon deur versamelings van die ideofoon baat.
- 4.8 Die bestudering van sy gebruik bied nie net vir spreker nie, maar veral vir die skrywer en digter groot moontlikheid in 'n taalvorm wat uniek is aan sy eie taal. Soos die ideofoon van homself kan sê:

Leetsisi la re lebaganya phaa le mnete!

(Die ideofoon bring ons lynreg teenoor die werklikheid!)

LITTERATUURLYSBrown 1968

Brown, J.T.: Setswana Dictionary, Botswana Book Centre, Gabarones, Botswana, 1968.

Cole 1955

Cole, D.T.: An Introduction to Tswana Grammar, Longmans, Green and Co., London, 1955.

Doke 1935

Doke, C.M.: Bantu Linguistic Terminology, Longmans, Kaapstad, 1935.

Doke 1943

Doke, C.M.: Outline Grammar of Bantu (afgerolde werk), Johannesburg, 1943.

Doke en Mofokeng 1971

Doke, C.M. en Mofokeng, S.M.: Textbook of Southern Sotho Grammar, Longmans, Green & Co., London, 1971.

Ferreira en Malepe 1968

Ferreira, J.A. en Malepe, A.T.: Tswana-leerboek, Van Schaik, Pretoria, 1968.

Fortune 1962

Fortune, G.: Ideophones in Shona, Oxford University Press, 1962.

Guma 1951

Guma, S.M.: A Comparative Study of the Ideophone in Sotho, ongepubliseerde M.A. tesis, U.K., 1951.

Guma 1971

Guma, S.M.: An Outline Structure of Southern Sotho, Shuter and Shooter, Pietermaritzburg, 1971.

Kunene 1965

Kunene, D.P.: The Ideophone in Southern Sotho, in Journal of African Languages, Vo. 4, Deel 1, 1965.

Kunene 1961

Kunene, D.P.: The Sound System of Southern Sotho. Thesis University Cape Town, 1961.

Letele 1955

Letele, G.L.: The role of Tone in the Sotho Language, Lovedale Press, 1955.

Mabille Dieterlen Paroz 1961

Mabille, A. en Dieterlen, H. verwerk en vergroot deur Paroz, R.A.: Southern Sotho English Dictionary, Morija Printing Works, Morija, Lesotho, 1961.

Paroz 1946

Paroz, R.A.: Elements of Southern Sotho, Morija Sesuto Book Depot, Morija, Basutoland, 1946.

Sandilands 1953

Sandilands, A.S.: Introduction to Tswana, Tierkloof, 1953.

Van Eeden 1941

Van Eeden, B.I.C.: Inleiding tot die Studie van Suid-Sotho, Pro Ecclesia-Drukkerye, Stellenbosch, 1941.

Van Wyk 1961

Van Wyk, E.B.: Die Woordklasse van Noord-Sotho, in Feesbundel vir prof. dr. Jan Antonie Engelbrecht, Afrikaanse Pers Beperk, Johannesburg, 1961.

Ziervogel en Mokgogong 1969

Ziervogel, D., Mokgokong, P.C., en Lombard D.P.: Handboek van Noord-Sotho, Van Schaik, Pretoria, 1969.